besig is en indien hulle daarmee volhard, hulle in moeilikheid mag beland;

(d) die Veiligheidsdienste moet ongewenste pamflette gouer onder die aandag van die Direkteur van Publikasies bring, sodat laasgenoemde gouer op hierdie propagandastukke kan toeslaan.

III. ANC EN PAC TERRORISTE

Minister Kruger wys daarop dat dit tans moontlik is om veroordeelde terroriste wat bereid is om met die Veilig=heidsmagte saam te werk, op parool vry te laat tot 'n maksimum van drie jaar. Hy stel voor dat parool in sulke gevalle vir die onuitgediende periode moet geskied. Die betrokkenes sal onder die sorg van die Weermag en/of Polisie geplaas word en indien hulle nie aan verwagtings voldoen nie sal die parool beëindig word.

Dit is so goedgekeur en die Werkkomitee word ook versoek om nie net na die heroriëntasie van terroriste te kyk nie maar ook na hul hantering in die bovermelde skema.

handling Overall strategy/scheme

IV. STEDELIKE TERRORISME

Dit blyk uit die bespreking dat daar tekens is dat daar wel onluste mag plaasvind in Junie. Alhoewel daar 'n mate van bevraagtekening hiervan is, word dit tog wenslik geag dat stappe gedoen moet word om enige sulke moontlikhede te bekamp. Absolute koördinering en insameling en analise van inligting sowel as ander stappe is noodsaaklik. In die verband stel die Weermag vir goedkeuring van die Raad voor:

(a) Die skepping van 'n inligtingselement by die Sekretariaat van die SVR;

/......

(b) die omskepping van die GBK van Witwatersrand na 'n deurlopende funksionerende GBS;

(c) die daarstelling van 'n GOS met inbegrip van 'n inligtingselement;

(d) gedurende Junie 1979 moet die GBS:

 (i) ten minste elke 2de dag vergader;
 (ii) daagliks verslag doen aan die Sekretariaat van die SVR;

(e) die hersiening van die situasie vir her-toepassing binne die Witwatersrand gebied en uitbreiding na ander gebiede soos benodig, na Junie 1979;

(f) die uitstippel binne een week, deur die Sekretariaat van die SVR van die volgende:

 (i) voorskrifte tov verantwoordelikhede, magte en prosedures om leiding aan die GBS te gee;
 (ii) opdragte oor die rol en funksies van die GBS;

(g) die opdrag dat die betrokke Departemente hul volle steun aan die gladde en doeltreffende funksionering van die GOS verleen.

In hierdie verband gee die Hoof van die Veiligheidspolisie 'n analise van die ANC terrorisbedreiging. Hy skets die fak= tore wat 'n ANC aanval teen die Republiek kan bevorder en die faktore wat belemmerend op ANC beplanning inwerk. Hy voeg tenslotte by:

> "Uit al hierdie faktore, maar veral uit indringende ondervraging van aangehoudenes, is 'n taamlike duidelike vooruitskouing m.b.t. die ANC se werklike oogmerke en potensiaal ter hand. Dit word gestaaf deur 'n ont= leding van die werklike uitsprake (soms in die uiterste geheim) van ampsdraers van die ANC.

/....

> "Die ANC beoog huidiglik 'n drie-jaar veldtog wat in 1982 sal kulmineer tydens die 70ste verjaarsdag van die ANC. In die veldtog word beoog om die ledetal van die ANC binne sowel as buite die RSA aansienlik te vergroot, en om die terroriste-stryd te intensifiseer.
>
> Dit kan verwag word dat terroriste-aanvalle sporadies sal voorkom, en dat die ANC sal poog om veral status-teikens te saboteer."

Sy Edele die Eerste Minister wys daarop dat die Veiligheids=polisieverslag aanvullend is tot die Weermagvoorstelle. Daar is hoë waardering vir die Veiligheidspolisie se bydrae, maar ongelukkig het ons nog nie ideale koördinering nie. Die Regering moet elke dag 'n oorwoë waardering op 'n geko=ordineerde wyse tot sy beskikking hê.

Die Raad keur die Weermagvoorstel (par. (a) tot (g)) goed.

Sy Edele die Eerste Minister benadruk dit dat Junie vir die Republiek van die uiterste belang is. Teen die middel van die maand ontmoet hy en die Minister van Buitelandse Sake die leiers van Suider-Afrika, en insidente kan nie be=kostig word nie. Gedurende Julie/Augustus besoek hy en Minister Koornhof die leiers van die tuislande. Alle pogings moet dus aangewend word om onluste en insidente te vermy.

V. <u>VISSERYE-SONE</u>

<u>Voorstel vir die uitbreiding van SWA se Vis-sone tot 200 Km</u>

Op voorstel van die Minister van Buitelandse Sake keur die Veiligheidsraad goed dat die Administrateur-generaal deur

/......

Buitelandse Sake gevra word om by die Nasionale Vergadering van SWA aan te beveel om hierdie moontlikheid tydens sy komende sitting te oorweeg en ons van sy besluit in die verband te verwittig.

VI. AANBEVELINGS VAN WERKKOMITEE IN VERBAND MET SAUK: SWART TELEVISIE EN NASIONALE STRATEGIE

Die SVR besluit dat die Mouton-komitee meegedeel word dat hy ook na die hantering van Swart televisie moet kyk en die nodige aanbevelings maak. So ook moet hy met voorstelle kom in verband met die SAUK se koppeling met die nasionale strategie.

VII. ERASMUS-KOMMISSIEVERSLAG : LEKKASIES

Die Minister van Binnelandse Sake gee 'n kort oorsig van die stappe wat hy in die verband beoog. O.a. het hy opdrag aan die Staatsdrukker gegee om onmiddellik met voorstelle te kom vir die verbetering van geheimhoudingsprosedures.